

SARS EN DIE KANTOOR VAN DIE BELASTINGOMBUD TEKEN HISTORIESE OOREENKOMS

PRETORIA, Vrydag 26 April 2019 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) en die Kantoor van die Belastingombud (OTO) het 'n historiese ooreenkoms onderteken om 'n doeltreffende werksverhouding te smee wat uitstekende diens aan die belastingpligtige sal lewer.

Dit sal effektiewelik 'n enkele platform skep vir die twee instansies om mekaar te betrek rakende aangeleenthede van gemene belang, sonder om hulle onderskeie mandate teen te stry, veral rakende korporatiewe en operasionele kwessies.

Die areas van ooreenkoms lê klem op samewerking op 'n professionele wyse om die onafhanklikheid en outonomie van elke instansie te handhaaf.

Dit is baie belangrik dat dit konsekwent is met die beginsels soos uiteengesit in die Wet op Belastingadministrasie.

Dit is 'n belangrike deurbraak vir beide instansies om hulle te verbind tot 'n verhouding gebaseer op konsultasie, wedersydse ondersteuning en samewerking wat die blootlegging van inligting, opleiding, leen van personeel en algemene wedersydse samewerking en hulpverlening betref.

Belastingombud Regter Bernard Ngoepe het die ondertekening van die ooreenkoms verwelkom en beskou dit as 'n stap in die regte rigting. Hy het bygevoeg dat hy hoop dat dit 'n einde bring aan onnodige vertragings in die finalisering van belastingpligtiges se klagtes. "Die ondertekende ooreenkoms beteken nie dat ons nie belastingpligtiges se klagtes teen SARS met toegewyding sal hanteer nie. Ons bly 'n onafhanklike instansie en sal ons mandaat regverdig en onpartydig bly uitvoer. Ons is toegewyd daartoe om 'n balans te handhaaf tussen SARS se magte en pligte aan die een kant, en belastingpligtiges se regte en verpligtinge aan die ander kant," het Regter Ngoepe gesê. Die regter het verder gesê dat hy oortuig is dat die ooreenkoms tot belastingpligtiges se voordeel sal strek en beide instansies sal versterk in die uitvoer van hul onderskeie mandate.

In die onwaarskynlikheid dat daar bepaalde kwessies is wat nie in die ooreenkoms aangespreek word nie, mag afsonderlike diensvlak-ooreenkomste onderhandel word, indien nodig.

Alhoewel, indien 'n ooreenkoms nie bereik kan word nie, sal die partye die minister van finansies nader, wie se besluit oor die aangeleentheid finaal sal wees.

SARS aanvaar dat dit die belastingombud se mandaat is om enige klagte te hersien en aan te spreek, rakende 'n diensversuim of 'n prosessuele of administratiewe aangeleentheid wat spruit uit die onregverdigde toepassing van 'n belastingwet en die Wet op Doeane en Aksyns deur SARS.

Dit is noemenswaardig dat die belastingombud slegs 'n versoek mag hersien indien die versoeker alle beskikbare klagte-oplossingmeganismes by SARS uitgeput het, tensy daar genoodsaakte omstandighede is om dit nie te doen nie.

Alhoewel, die OTO mag nie die volgende hersien nie:

- Wetgewing of belastingbeleid
- SARS se beleid of praktyk algemeen oorheersend, behalwe tot die mate wat dit verband hou met 'n diensaangeleentheid, of 'n prosessuele of administratiewe aangeleentheid wat spruit uit die toepassing van die bepalings van 'n belastingwet deur SARS.
- 'n Aangeleentheid onderhewig aan 'n beswaar of appèl, behalwe rakende 'n administratiewe aangeleentheid met betrekking tot sodanige beswaar en appèl; of
- 'n Besluit deur, proses in, of aangeleentheid voor 'n belastinghof.

Die handeling en mandaat van die belastingombud kan verder ook uitgebrei word deur regulasies soos bepaal deur die minister van finansies.

SARS glo dat 'n onafhanklike en objektiewe hersiening van klagtes belastingpligtige opleiding kan verbeter, asook SARS se begrip van belastingpligtiges se kwessies. Dit sal 'n oorsig gee van belastingpligtiges se kwessies uit 'n ander oogpunt en vertolking van die wet.

Daarom het die SARS kommissaris en die belastingombud ooreengekom om saam te werk wanneer die OTO inligting versoek met betrekking tot aangeleenthede van wedersydse belang, insluitend SARS se beampptes wat beskikbaar sal wees om die OTO by te staan ten opsigte van inligtingstelsels, menslike hulpbronne, finansies en aankope, uitvoerende ondersteuning, en toegang tot SARS se opleidingfasiliteite.

